



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

**STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3**

(8011003)

**4 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00**

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

060Q1N2204

TYD: 3 UUR PUNTE: 100
--

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
 2. Lees al die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

wetgewer; provinsiale; administrasie; gesag; uitvoerende; Nasionale Vergadering; plaaslike; 83(1); geregtelike; openbare beskermer; president; wetgewende; 85(1); die Nasionale Raad van Provinsies

D

- 1.1 Die drie staatsafdelings is (a) ..., (b) ... en (c) ... (3)
- 1.2 Artikel (a) ... van die grondwet bepaal dat die uitvoerende (b) ... van die republiek by die (c) ... berus. (3)
- 1.3 Die Parlement bestaan uit twee parlamentsgeboue, naamlik die (a) ... en (b) ... (2)
- 1.4 Die grondwet maak voorsiening vir 'n drie-sfeer-staatstelsel wat uit nasionale, (a) ... en (b) ... sfere bestaan. (2)
- [10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

- 2.1 Die president word ingevolge artikel 85 van die grondwet gekies.
- 2.2 Die kabinet is 'n groep ministers onder die leierskap van die president.
- 2.3 Artikel 59 van die grondwet maak voorsiening vir openbare betrokkenheid by die Nasionale Vergadering.
- 2.4 Die Raad het twee funksies, naamlik om te regeer en verteenwoordig.
- 2.5 Die Witskrif van die Plaaslike Regering (1998) omskryf tussenstaatsverhoudings.
- 2.6 Sektorpolisiëring en gemeenskapspolisiëring is dieselfde.
- 2.7 Draaiery ('Loitering') is wanneer iemand met 'n spesifieke doel in 'n spesifieke area rondloop.
- 2.8 Veilige skoolprogramme is nie 'n vorm van maatskaplike misdaadvoorkoming nie.
- 2.9 Die Departement van Korrektiewe Dienste vorm deel van die strafregstelsel.
- 2.10 Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is nie deel van die strafregstelsel nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Monarg 	A	die eksklusiewe reg tot volkome politieke beheer
3.2	Aanwys	B	staan gesag aan iemand toe
3.3	Wyk	C	verskillende gedeeltes van die staat
3.4	Soewerein	D	onafhanklikheid 
3.5	Doeltreffend	E	albestuur of koning
3.6	Outonoom	F	verteenwoordiging deur 'n raadslid in plaaslike regering
3.7	Tussenstaatsverhouding	G	verhoed probleme
3.8	Nasionale staatsfeer 	H	om iemand vir 'n doel te kies
3.9	Plaaslike staatsfeer	I	werk op die manier hoe dit bedoel is
3.10	Konfereer	J	hoogste staatsvlak 
		K	'n nasionale staatsonderneming
		L	bepaal hoe 'n land regeer word

(10 × 1)

[10]**TOTAAL AFDELING A:****30**

AFDELING B**VRAAG 4**

- 4.1 Definieer die term *staatsbestuur*. (5)
- 4.2 Gee 'n oorsig van die prosedures waarvolgens die president van Suid-Afrika uit sy amp verwyder kan word. (10)
- 4.3 Verduidelik die samestelling van die Uitvoerende Raad. (5)
- [20]**

VRAAG 5

- 5.1 Bespreek vlakoorgang ('floor-crossing'). (7)
- 5.2 Bespreek die funksies wat Telkom en Transnet ingevolge dienslewering vervul. (10)
- 5.3 Verduidelik die term *informant*. (3)
- [20]**

VRAAG 6

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, sit 'n raamwerk uiteen vir die erkenning van die instelling van tradisionele leierskap in Suid-Afrika.

Noem en bespreek die verskillende tradisionele leierskapsposisies in Suid-Afrika. **[10]**

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C**VRAAG 7**

Noem en bespreek die bydrae van VYF sleutelrolspelers van staatsdepartemente tot misdaadvoorkoming. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100